

**Skriflesing:** Kol 3:9b-17

**Tema:** God het ons gekies om soos Christus te wees.

Ons lees in Kol 3:12 dat ons die uitverkore volk van God is wat Hy baie liefhet. In die oorspronklike taal staan hier eintlik dat ons die uitverkore volk van God, heiliges en geliefdes is. Maak nie saak wie of wat jy is nie, deur die nagmaal verseker Hy vir elkeen van ons hiervan.

Maar ons kan nie net weet dat God ons in liefde gekies het en daarvoor feesvier nie. God het ons met 'n rede gekies. Hy het elkeen van ons gemaak om soos Christus te wees. Ons lees in Kol 3:11 dat al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is.

Dit is nie vir Hom belangrik of iemand Griek of Jood is, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Al wat vir Hom belangrik is, is of Jesus Christus in jou lewe is.

Is Hy jou persoonlike Verlosser?

Wat is vir ons as kerk belangrik?

Vir die Here maak dit nie saak hoe jy lyk, watter taal jy praat, of jy nog altyd 'n Christen was of eers laat in jou lewe 'n Christen geword het, of jy kan lees of skryf of waarvandaan jy kom, hoe belangrik jy in die gemeenskap is en of jy 'n goeie werk het of nie. Al wat God vra is of Christus in jou lewe is en of jy soos Hy leef.

### **Uit die Communitas vraelys terugvoer blyk die volgende:**

48% van die respondente is onseker of ons mekaar as gemeente vertrou; 14% sê ons vertrou mekaar nie. 28% is onseker of hier harmonie in die gemeente is; 33% sê hier is nie harmonie nie. 40% is onseker of 'n vreemdeling hier tuis voel; 14 % sê 'n vreemdeling voel nie hier tuis nie. 25% is onseker of ons mekaar aanvaar; 17% sê ons aanvaar mekaar nie. Hierdie statistieke is onmoontlik in 'n gemeente waar Christus sentraal staan.

In Kolossense 3 lees ons van 'n klomp eienskappe van iemand wat soos Christus leef. Dit kan as volg saamgevat word: As Christus in my leef, leef ek soos Christus. Ek leef weg van myself. Ek dien Christus en daarom dien ek jou. Ek dien Christus en daarom dien ons mekaar en die wêreld. Ons bou nie mure nie - ons bou brûe na mekaar toe.

### **In 'n gemeente waar Christus alles en in almal is, is ons:**

**1. Meelewend/ons het meegevoel** met mekaar

Ons gee om vir mekaar en vat hande.

### **2. Goedgesind**

Ons is ordentlik en vriendelik.

### **3. Nederig**

In Fil 2:3-4 staan daar: "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander."

Dit is een van die belangrikste, maar ook moeilikste eienskappe. Dit gaan nie oor my belange of die eie ek nie. Dit gaan oor die Here se belange. Daarom kom jou belange bo my eie.

Dit is nie menslik moontlik om ander se belange voor jou eie te stel nie. Eers as ons buig voor Christus, sal ons kan buig voor mekaar.

#### **4. Sagmoedig**

Ons help mekaar op 'n sagte manier.

#### **5. Lankmoedig en verdraagsaam**

Ons waak teen gedurige kritiek, dit skeur uitmekaar. As iemand 'n fout maak, help ons mekaar in liefde reg.

In Kol 3:13 lees ons meer van 'n lewe soos die van Christus: Ons sal:

##### **1. Geduldig wees**

Ten spyte van ons verskille, bly ons geduldig met mekaar.

##### **2. Mekaar vergewe soos Christus vir ons vergewe het.**

Die leë kruis en brood en wyn dui daarop dat Hy ons volmaak vergewe het. Hy het ons sonde vergeet. Christus in ons stel ons instaat om dit wat 'n ander verkeerd gedoen het, onvoorwaardelik te vergeet.

**In Kol3:14 lees ons van die band wat 'n Christus-gemeente bymekaar hou:** "Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."

**Die vrede wat Christus** vir ons as sy nuwe mense gee, sal in die gemeente 'n werklikheid wees.

Ons lees in Kol 3:15: "En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar."

God het ons geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe.

As ons vassit.. nee, wanneer ons vassit, want ons gaan met mekaar vassit, maak ons 'n doelbewuste keuse vir vrede. Ons gaan soek vrede by die Here as groot Vredemaker. Want weereens, net soos Christus die maker van liefde is, so is Hy ook die maker van alle ware vrede.

In Kol 3:13-16 lees ons 6 maal die woord "mekaar". Ons moet geduldig wees met mekaar. Twee maal lees ons dat ons mekaar moet vergewe. Ons moet mekaar liefhê. Ons moet in vrede met mekaar lewe. Ons moet mekaar leer en onderrig. Met ander woorde, 'n lewe soos die van Christus begin hier in die gemeente waar ons as broers en susters bymekaar is. Dit begin by elkeen van ons en kring van hier af uit na die res van die wêreld.

Gevul met Hom en sy vrede, leef ons dankbare lewens. Met Christus in ons, sing ons met dankbaarheid in ons harte psalms, lofgesange een ander geestelike lieder.

Ons bly besig met die Bybel as die Woord van God. Ons gebruik ook dagstukkies-boekies en DVD's en allerlei hulpmiddels, maar kom eers by die Bybel as Woord van God uit. En ons leer en onderrig mekaar met wysheid.

#### **Afsluiting**

Die groep wat saamgesels oor die terugvoer van die Communitas vraelyste, was so bietjie meer as week gelede bymekaar. Ons het toe nie geweet dat die prediking vandag uit Kolossense 3 gaan kom nie. Daar het ons vir mekaar gesê: "Alles in die gemeente moet oor Christus gaan."

Is Christus in jou lewe?

Leef jy soos Christus?

Mense lees nie meer die Bybel nie, maar hulle lees jou.

As hulle vir jou vra: "Hoe lyk Christus?"

Kan jy antwoord: "Kyk na my. Christus is in my, daarom leef ek soos Hy."?

Ek sluit af met Kol 3:17 uit die Boodschap:

"Laat ek saamvat: Jesus moet uit julle hele lewe straal. Of julle praat of iets anders doen, Jesus moet daarin gesien kan word. Julle lewe moet een groot dankie vir God wees. En dit kan alleen so wees as julle alles doen asof Jesus elke tree saam met julle gee."

**Amen**

### Voorstel vir skakel in kuberamma

#### Preke

Terugvoer oor die Communitas-vraelys: Hierdie statistieke is onmoontlik in 'n gemeente waar Christus sentraal staan. Mense lees nie meer die Bybel nie, maar hulle lees jou.

As hulle vir jou vra: "Hoe lyk Christus?" Kan jy antwoord: "Kyk na my. Christus is in my, daarom leef ek soos Hy."? *God het ons gekies om soos Christus te wees.*